UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
International General Certificate of Secondary Education

| | | | |
|---|---|---|---|
| CANDIDATE NAME | | | |
| CENTRE NUMBER | | CANDIDATE NUMBER | |

*1602610849*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2012**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE ON ANY BARCODES.

Answer **all** questions.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF NIE.

Beantwoord **alle** vrae.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| For Examiner's Use | |
|---|---|
| **Oef. 1** | |
| **Oef. 2** | |
| **Oef. 3** | |
| **Oef. 4** | |
| **Oef. 5** | |
| **Oef. 6** | |
| **Oef. 7** | |
| **Total** | |

This document consists of **15** printed pages and **1** blank page.

DC (CW) 54627/2
© UCLES 2012

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations



www.theallpapers.com

## Oefening 1

Lees die volgende inligting vir mense wat allergies vir troeteldiere is. Beantwoord daarna die vrae op die volgende bladsy.

### Allergies vir my troeteldier!

Laat jou troeteldier jou oë traan, jou neus loop, jou nies, jeuk en selfs asma-aanvalle kry? Dit is piepklein deeltjies van sy vel en hare wat die probleme veroorsaak. Hierdie deeltjies trek deur die lug en word in meubels, in gordyne en in matte vasgevang.

Moenie bekommerd wees nie. Net ’n paar maklike veranderinge is nodig om die allergene wat ’n allergiese reaksie veroorsaak, te verminder. Dan kan jy en jou harige vriend nog lank en gelukkig saamwoon. Volg gerus hierdie wenke:

* **Steriliseer en kastreer**: Dit laat jou dier se hormoonvlakke daal en verminder jou allergiese reaksies.

* **Vee af**: Vee jou troeteldier daagliks met ’n nat lap af.

* **Was**: Was jou hande nadat jy jou troeteldier gestreel of geborsel het.

* **Stofsuig en stof gereeld af**: Stofsuiers en spesiale lugsuiweraars kan die allergene in jou huis verminder.

* **Skoon slaapkamer**: Moenie jou viervoetige vriende in jou slaapkamer toelaat nie – jy sal dan ook snags beter slaap. Kussings en duvets moet gedroogskoonmaak word.

* **Gordyne, rusbanke en matte**: Minder stof en dierehare versamel op teëls, linoleum en houtvloere en hulle kan makliker skoongemaak word. Was gereeld jou gordyne.
’n Leerrusbank is beter as ’n gestoffeerde bank omdat jy dit beter kan skoonhou.

**Voorbeelde van hipo-allergeniese diere**:
* **Katte**: LaPerm, Cornish Rex, Devon Rex en Sfinks.
* **Honde**: Poedels en baster-poedels soos die labradoodle.
As diere hipo-allergenies is, beteken dit nie hulle vervaardig geen allergene nie, maar hulle vervaardig minder allergene.


www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*

**1** Vir watter deel van ’n troeteldier is sommige mense allergies?

........................................................................................................................................ [1]

**2** Wat noem ’n mens dinge wat ’n allergiese reaksie veroorsaak?

........................................................................................................................................ [1]

**3** Noem **twee** wenke waarin jy water moet gebruik.

**(i)** .................................................................................................................................. [1]

**(ii)** .................................................................................................................................. [1]

**4** Waarom is ’n goeie stofsuier belangrik?

........................................................................................................................................ [1]

**5** **(a)** Watter soort rusbank is die beste vir iemand wat allergies vir troeteldiere is?

.................................................................................................................................. [1]

**(b)** Gee ’n rede vir jou antwoord.

.................................................................................................................................. [1]

**6** Waarom is ’n poedel ’n goeie hond vir iemand wat allergies vir troeteldiere is?

........................................................................................................................................ [1]

[Totaal: 8]


www.theallpapers.com

**Oefening 2**

Lees die volgende teks en voer die opdrag uit.

’n Filmmaker wil inligting insamel oor hoe gereeld en waar tieners na films kyk en watter soort films hulle geniet.

Nick Nelson is 16 jaar oud en is op 18 September 1996 gebore. Sy adres is Blomstraat 17, Nuweland, 7700 en sy telefoonnommer is 021 671 1031. Sy selfoonnommer is 072 117 5630 en sy e-posadres is nicknelson@gmail.com.

Nick is ’n graad 11-leerder aan die Hoërskool Platinum. Sy skool se adres is Groenstraat 10, Nuweland, 7700 en die telefoonnommer is 021 671 8823. Die skool se e-posadres is platinum@school.org.za.

As Nick kon kies, sou hy elke dag van die week na ’n film gekyk het, maar ongelukkig het hy nie tyd daarvoor nie. Hy behoort aan die skool se filmklub en hulle vertoon een keer per week ’n film by die skool. Nick is op die filmklub se komitee en help om die films te kies en te vertoon. Naweke kyk hy en sy vriende gewoonlik na ’n DVD wat hulle uitneem. As hulle saam kuier, kyk hulle dikwels ook na ’n film op TV.

By die DVD-winkel is daar allerhande soorte films, van dokumentêre films tot wetenskapsfiksie. Nick se gunstelinge is aksiefilms en rillers. Sy beste vriend is dol oor grufilms en wil altyd net daarna kyk, maar Nick kan hom gewoonlik ompraat om iets anders te kies.

Nick se ma is ’n filmmaker en koop gereeld films, maar die kunsfilms wat sy maak en koop, val nie in Nick se smaak nie.

© UCLES 2012

www.theallpapers.com

Verbeel jou jy is Nick en vul die vorm in.

For Examiner's Use

## Opname: Tieners en films

*Vul asseblief die vorm in.*

**Naam:** Nick Nelson

**Naam van skool:** Hoërskool Platinum ........ Graad: ........

**Persoonlike besonderhede:**

- **Geboortedatum:** ........
- **Adres:** ........, Nuweland, 7700
- **Telefoonnommer:** ........
- **Selfoonnommer:** 072 117 5630
- **E-posadres:** nicknelson@gmail.com

*Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s):*

- Ek kyk na films:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **as ek teater toe gaan** | ☐ | **op DVD's wat ek uitneem** | ☐ |
| **op televisie** | ☑ | **op DVD's wat ek koop** | ☐ |
| **op my rekenaar** | ☐ | **ander** ........ | |

- Ek verkies:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **dokumentêre films** | ☐ | **kunsfilms** | ☐ | **wetenskapsfiksie** | ☐ |
| **spioenasiefilms** | ☐ | **grufilms** | ☐ | **liefdesverhale** | ☐ |
| **aksiefilms** | ☐ | **ander** ........ | | | |

- Ek kyk na films:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **een maal per week** | ☐ | **drie maal per maand** | ☐ |
| **twee tot drie maal per week** | ☐ | **twee maal per maand** | ☐ |
| **vier tot vyf maal per week** | ☐ | **een maal per maand** | ☐ |
| **ses tot sewe maal per week** | ☐ | **minder as een maal per maand** | ☐ |

[Totaal: 9]


www.theallpapers.com

**Oefening 3**

Lees die teks oor Robbeneiland en voltooi dan die aantekeninge op die volgende bladsy.

**Robbeneiland, die klein eilandjie met die groot geskiedenis**

Robbeneiland is ’n eilandjie in Tafelbaai. Dit lê sowat 8 kilometer van Kaapstad en is net 3,5 km lank en 2 km breed. Die naam is afgelei van die talle robbe (*robben* in Nederlands) wat daar voorkom.

Robbeneiland het ’n lang en interessante geskiedenis. Die eiland was lank, lank gelede ’n deel van die vasteland van Afrika. Mense het duisende jare gelede reeds daar gewoon, toe dit nog nie ’n eiland was nie. ’n Mens kan jou indink hoe die antieke Afrika-bewoners droogvoets van Tafelberg na Robbeneiland sou kon geloop het.

Die Nederlanders was nie die eerste Europeërs op die eiland nie. Portugese het reeds die eiland besoek voordat die Engelse admiraal Raymond in 1591 daar was. Eers daarna, in 1601, het die Nederlandse seevaarder Joris van Spilbergen gevolg. Omtrent 50 jaar later, in 1652, het Jan van Riebeeck in die Kaap voet aan wal gesit.

Met die koms van die Europese setlaars is daar probeer om ’n rob- en visbedryf op Robbeneiland te begin. Omdat dit ’n eiland is, is dit egter van 1846 tot 1931 gebruik as ’n plek waarheen ongewenste mense, soos mense met aansteeklike siektes, verban kon word. Van Riebeeck het selfs sy veekuddes na die eiland “verban” om hulle teen diefstal te beskerm.

In 1658 is die Khoikhoi-leier Autshumao, ook bekend as Harry die Strandloper, na Robbeneiland verban. Hy is daarvan aangekla dat hy vee gesteel het. Autshumao was die eerste gevangene op Robbeneiland, maar het daarin geslaag om in ’n bootjie te ontsnap.

’n Latere politieke gevangene op Robbeneiland was die Xhosa-leier Makana. Hy het in 1819 gehelp om ’n aanval op Grahamstad te lei. Nadat hy verslaan is, is hy na Robbeneiland gestuur. In 1820 het hy probeer ontsnap, maar het in die see verdrink. Sy invloed was so sterk dat mense meer as vyftig jaar ná sy verdrinking geweier het om te glo dat hy werklik dood was.

Robbeneiland het in die Tweede Wêreldoorlog ’n belangrike rol gehad in die verdediging van Kaapstad. Na die oorlog was die eiland ’n opleidingsentrum vir die Suid-Afrikaanse Vloot. ’n Gereelde bootdiens is tussen Kaapstad en Robbeneiland begin. Besoekers kon permitte kry om die eiland te besoek.

In 1961 is die eiland onder beheer van die Departement van Gevangenisse geplaas. Daarna was die eiland lank nie oop vir die publiek nie.

Dit is na hierdie plek van afsondering wat oud-president Nelson Mandela in die jare sestig verban is saam met ander politieke gevangenes. Mandela se verblyf op Robbeneiland, waar hy klippe moes kap in ’n kalkmyn, is ’n tragedie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hy het lewenslank gely aan die uitwerking wat die wit kalksteen op sy visie gehad het.

Robbeneiland het die simbool geword van die triomf van die menslike gees oor enorme lyding. Sedert 1997 is Robbeneiland met sy gevangenis ’n museum. Die eiland is nie meer vir die publiek gesluit nie, en bote vol besoekers vaar gereeld soontoe vanuit die Waterfront in Kaapstad. Programme vir skoliere en volwassenes oor die eiland se geskiedenis word deur die museum aangebied.

[Uit: *Mieliestronk*]


www.theallpapers.com

Jy gaan 'n kort praatjie oor Robbeneiland in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

For Examiner's Use

**Robbeneiland**

**(a)** Robbeneiland voor 1600

- *Was eers deel van die vasteland van Afrika* ........................................
- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]

**(b)** Gevangenes deur die eeue op Robbeneiland

- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]

**(c)** Robbeneiland vandag

- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................................ [1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2012

www.theallpapers.com

**Oefening 4**



Gebruik die teks oor Robbeneiland en skryf 'n opsomming oor **Die rol van Robbeneiland deur die eeue**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet een paragraaf lank wees en nie meer as **80** woorde nie.

Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal: 5]

© UCLES 2012

www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

**TURN OVER FOR OEFENING 5**


www.theallpapers.com

**Oefening 5**

Skryf 'n opstel oor jou rolmodel. Dit kan iemand wees wat jy self ken of iemand van wie jy gehoor of gelees het. Dit kan iemand uit die verlede of die hede wees.

Onthou om die volgende te noem:

- wie die persoon is
- waarom hierdie persoon jou rolmodel is
- die invloed van hierdie persoon op jou lewe.

Jou opstel moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou opstel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2012

www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*

[Totaal: 15]


www.theallpapers.com

**Oefening 6**

Die volgende teks handel oor die skrywer Deon Meyer. Lees dit aandagtig en beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy.

### Deon Meyer skep stories en mense

Dis die vrees dat hy nie nog ’n boek kan skryf nie wat Deon Meyer dryf om elke keer weer voor die rekenaar te gaan sit. “Is daar nog ’n boek in my? Dis die vraag wat elke keer opkom sodra ek met ’n boek klaar is,” vertel hy.

Dit klink moeilik om te glo dat een van die suksesvolste Afrikaanse skrywers steeds onseker oor sy eie talent kan wees. Meyer se spanningsverhale is topverkopers en word in verskeie tale vertaal. Hy kan nie mooi onthou in hoeveel tale nie: “Twaalf of dertien,” sê hy.

Hy weet wel sy boeke verkoop goed in Frankryk en hy wil nou op Brittanje en Amerika fokus. Hierdie lande is mos groot markte vir spanningsverhale. Sy treffer *Infanta* is juis oorsee as *Devil’s Peak* bekend gestel. ’n Mens moenie deurmekaar raak nie, sê hy, want die Amerikaanse en Britse weergawes is verskillend. “Die Amerikaners weet niks van Suid-Afrikaners af nie en jy moet in hul weergawe meer verduidelik, terwyl die Britte en die Franse meer agtergrondkennis oor ons het.”

Dan is daar nog die oorsese bemarkingstoere en praatjies. Hy is tot drie maande per jaar in die buiteland. Hy het ook ’n draaiboek vir sy boek *Orion* geskryf en ’n draaiboek vir ’n nuwe spanningsreeks. Tussenin moes hy nog klaar skryf aan sy boek *Onsigbaar*.

Sy boeke word meestal uit die eerste Engelse weergawe in ander tale vertaal. Tog oorweeg hy dit nie om in Engels te skryf nie. “Afrikaans is my moedertaal en die taal waarin ek die stories uitdink.”

Meyer doen intensiewe navorsing voordat hy begin skryf. Vir sy boek *Onsigbaar* het hy byvoorbeeld Limpopo plat gereis. “Ek ry rond met my motorfiets, neem foto’s van die omgewing, praat met mense en merk plekke op ’n kaart af sodat ek kan onthou hoe dit daar lyk en voel. Dis baie belangrik om met verskillende, gewone mense te gesels. Dit gee jou ’n gevoel vir ’n omgewing en vir jou karakters.” Hy werk egter nie alles uit voordat hy begin skryf nie. Hy weet hoe die storie moet loop en wat hy wil insluit, maar sodra hy begin skryf, volg die boek en veral die karakters byna hul eie koppe.

Een ding wat hy wel doen, is om elke dag te skryf. Hy doen dit alleen en in stilte, gewoonlik vroegoggend tuis in Melkbosstrand “nog voordat die res van die gesin opstaan”. Dit word egter deesdae moeiliker. Sy vier seuns word groter en eis sommer vroegoggend van sy tyd. “Hulle stap in en wil gesels, en wat kan jy doen?” En die oorsese toere vat baie van daardie tyd. Boonop is sy boeke so suksesvol dat die Britse en Amerikaanse uitgewers nou aandring op ’n boek per jaar . . . ’n baie moeilike teiken. Daarom het hy homself begin leer om onder alle omstandighede te skryf. “Een van my oorsese vriende, die topverkoper Michael Connely, het my aangeraai om dit te probeer, anders gaan ek nooit skryf nie. Ek het dit onlangs vir die eerste keer reggekry om sommer in die middag in my hotelkamer te skryf.”

Meyer het ook nog ’n dagwerk: hy is konsultant vir BMW se motorfietsafdeling in Suid-Afrika. Hy sal dit seker moet los, sug hy. Hy wil nie graag nie, maar om voltyds te kan skryf, is baie aanloklik – om stories en mense te skep.

[Verkort uit: *Die Burger*, 23 Oktober 2007]



www.theallpapers.com

For Examiner's Use

**1** Waaroor is Deon Meyer bekommerd nadat hy 'n boek klaar geskryf het?

........................................................................................................................................ [1]

**2** Noem **twee** bewyse daarvan dat Meyer 'n suksesvolle skrywer is.

..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**3** Hoe verskil die lesers van Meyer se boeke in Amerika van sy lesers in Brittanje en Frankryk?

..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**4** Waarom skryf Meyer sy boeke in Afrikaans, en nie in Engels nie?

........................................................................................................................................ [1]

**5** Verduidelik wat Meyer doen om 'n gevoel vir 'n plek en karakters te kry voordat hy 'n storie daar laat afspeel.

..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**6** Waarom dink Meyer dit is 'n moeilike teiken om een boek per jaar te skryf?

........................................................................................................................................ [1]

**7** Hoe weet 'n mens dat Meyer sy vriend Michael Connely se raad probeer volg?

..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [1]

[Totaal: 10]


www.theallpapers.com

**Oefening 7**

Lees die volgende koerantopskrifte:

| |
|---|
| Inheemse plante moet plek maak vir gholfbaan |
| **Lugbesoedeling erger as ooit tevore** |
| Albatrosse bedreig |
| Sakeman koop natuurpark om fabriek te bou |
| **Dolfyne prooi van tunavissers** |
| **Wildehonde op lys van bedreigde diere** |

Ons hoor voortdurend hoe die mens besig is om die natuur te vernietig. Skryf ’n toespraak oor hoe jy jou omgewing en die natuurlewe in die jaar 2050 sou wou sien.

Kies ’n goeie titel vir jou toespraak.

Jou toespraak moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou menings goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou toespraak en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2012

www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*


www.theallpapers.com

*For Examiner's Use*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

[Totaal: 15]

*Copyright Acknowledgements:*

Exercise 1 © Kelly Grande; *Allergies vir my troeteldier!*; www.huisgenoot.com; 27 May 2010.
Exercises 3 & 4 © *Mieliestronk op CD Rom*; Mieliestronk.com; 2009.
Exercise 6 © Dirk Jordaan; *Om stories en mense te skep*; Die Burger; 23 October 2007.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



www.theallpapers.com